Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2023

GESKIEDENIS V2

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1902–1940's)

VRAAG 2: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1900–1930's)

VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – (1940's TOT 1960's)

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1940's TOT 1950's)

VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1930's TOT 1940's)

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – (1940's TOT 1960's)

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag moet of 'n brongebaseerde vrae of 'n opsteltipe vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET VERSKILLENDE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA TOT DIE GROEI VAN SWART NASIONALISME VANAF 1902 TOT DIE 1930's BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die bron, was die doelwitte van die African People's Organisation (APO)? (2 x 1) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar oor waarom die APO by die South African Native National Congress (SANNC)-afvaardiging na Brittanje in 1909 aangesluit het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Waarna, volgens die bron, het die verlies aan broodnodige hulpbronne gelei? (2 x 1) (2)

1.2.2 Noem die belangrike faktore wat tot die stigting van die South African Native National Congress (SANNC) op 3 Januarie 1912 gelei het. (3 x 1) (3)

1.2.3 Lewer kommentaar op wat Pixley Seme met die stelling geïmpliseer het: "… ons het ontdek dat in die land van hul geboorte, Afrikane behandel word as snyers (mense wat byle gebruik om hout te kap) en waterdraers." (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik waarom die SANNC 'n beroep op swart Suid-Afrikaners gedoen het om te verenig. (2 x 2) (4)

1.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die redes vir die opkoms van Swart nasionalisme bestudeer. (2 x 2) (4)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Wie, volgens die bron, het die leier van die Industrial and Commercial Union (ICU) geword? (1 x 1) (1)

1.3.2 Waarom dink jy het die ICU die SANNC oorskadu? (2 x 2) (4)

1.3.3 Definieer die konsep *militante nasionalisme* in die konteks van die versetmetodes wat deur die ICU gebruik was. (1 x 2) (2)

1.3.4 Waarom, volgens die bron, het die ICU ŉ meer aktiewe benadering gevolg? (2 x 1) (2)

1.3.5 Verduidelik die historiese betekenis wat die ICU op die politieke landskap van Suid-Afrika gehad het. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskap word deur die oog op die briefhoof van die ICU uitgebeeld? (2 x 2) (4)

1.4.2 Wat, volgens die briefhoof, was die leuse van die ICU? (Gebruik visuele leidrade om die vraag te beantwoord.) (1 x 2) (2)

1.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe verskillende organisasies in Suid-Afrika tot die groei van Swart nasionalisme vanaf 1902 tot die 1930's bygedra het. (6)

[50]

VRAAG 2: HOE HET VERSKILLENDE ORGANISASIES AFRIKANER NASIONALISME IN DIE 1900's VERSTERK?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Definieer die begrip *Afrikaner nasionalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Lewer kommentaar oor die betekenis wat die Eeufeesvieringe van die Groot Trek op die groei van Afrikaner Nasionalisme in 1938 gehad het. (2 x 2) (4)

2.1.3 Volgens die inligting in die bron, watter gebeure het deel uitgemaak van die vieringe wat langs die pad plaasgevind het? (2 x 1) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die inligting in die bron, was die hoofdoelstellings van die Afrikaner Broederbond? (4 x 1) (4)

2.2.2 Verduidelik waarom dink jy het die Afrikaner Broederbond 'n geheime nasionalistiese organisasie geword. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar op wat JMB Hertzog met die volgende stelling geïmpliseer het: "Daar is geen twyfel dat die geheime Broederbond niks meer is as die HNP wat in die geheim ondergronds werk nie, en die HNP is niks meer as die geheime Afrikanerbond wat in die openbaar opereer nie." (2 x 2) (4)

2.2.4 Noem die TWEE organisasies wat na die Eeufeesvieringe ontwikkel het wat Afrikaner nasionalisme verder bevorder het. (2 x 1) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Watter boodskappe beeld die plakkaat rakende die Broederbond uit? (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer kommentaar oor wat geïmpliseer word deur die woorde: 'Baantjies (gunste) vir broertjies', in die konteks van die doelstellings van die Broederbond. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2B met Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C met betrekking tot die bevordering van Afrikaner nasionalisme ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik Bron 2D.

2.5.1 Noem die beroepe wat die meeste manlike Afrikaners in die stede gedoen het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Lewer kommentaar oor waarom jy dink dit nodig was om die armblankes by te staan. (1 x 2) (2)

2.5.3 Definieer die begrip *Volkskapitalisme* in die konteks van Afrikaner Nasionalisme. (1 x 2) (2)

2.5.4 Watter TWEE finansiële instellings is gestig om Afrikaners by te staan? (2 x 1) (2)

2.5.5 Verduidelik hoe volkskapitalisme aangemoedig is om Afrikaner nasionalisme te bevorder. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe verskillende organisasies Afrikaner nasionalisme in die 1900’s versterk het. (6)

[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE PASWETSTELSEL TOT DIE SHARPEVILLE-SLAGTING IN DIE 1960's GELEI?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik waarom, dink jy, was die toekenning van regte en vryheid aan swart Suid-Afrikaners geweier. (1 x 2) (2)

3.1.3 Volgens die inligting in die bron, wie het die Nasionale Party verkies? (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar oor die impak van die passtelsel op die lewens van swart Suid-Afrikaners. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die inligting in die bron, was die slagspreuk van die Pan Africanist Organisation (PAC)? (1 x 2) (2)

3.2.2 Waarom dink jy was die skare vrolik en blykbaar nie bang tydens die optog nie? (2 x 2) (4)

3.2.3 Haal bewyse uit die inligting in die bron aan wat aandui dat die polisie lewendige ammunisie gebruik het om die skare uiteen te jaag. (2 x 1) (2)

3.2.4 Verduidelik hoe betroubaar hierdie bron vir 'n historikus sal wees wat die protesoptog van 21 Maart 1960 bestudeer. (2 x 2) (4)

3.2.5 Lewer kommentaar oor hoe die optrede deur die polisie 'n skending van menseregte was. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Lewer kommentaar op die boodskap van die opskrif, "ONTHOU SHARPEVILLE", in die konteks van die stryd teen apartheid. (2 x 2) (4)

3.3.2 Hoeveel ongevalle (beseerdes) volgens die foto, was daar op 21 Maart 1960? (2 x 1) (2)

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Noem die TWEE anti-apartheidsleiers wat in solidariteit met die Sharpeville-slagting, hul passe verbrand het. (2 x 1) (2)

3.4.2 Lewer kommentaar oor die redes waarom dr. Verwoerd die polisie vir hul optrede geprys het. (2 x 2) (4)

3.4.3 Definieer die begrip *noodtoestand* in die konteks van die onderdrukkingsmaatreëls wat deur die regering geneem is. (1 x 2) (2)

3.4.4 Lewer kommentaar op wat Nelson Mandela met die volgende stelling geïmpliseer het: "Ons glo dat die wil van die mense die basis van gesag van die regering sal wees, en vir ons om die verbod te aanvaar was die ekwivalent van die aanvaarding van die stilswye van Afrikane vir altyd." (1 x 2) (2)

3.4.5 Haal ŉ sin aan wat die betekenis van die Sharpeville-slagting aandui. (1 x 2) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) en verduidelik hoe die paswetstelsel tot die Sharpeville-slagting in die 1960's gelei het. (6)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: SWART NASIONALISME

Bespreek krities hoe die Tweede Wêreldoorlog tot die groei van Swart nasionalisme in Suid-Afrika vanaf die 1940's tot 1950's bygedra het.

Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

VRAAG 5: AFRIKANER NASIONALISME

"Afrikaner nasionalisme was nie iets wat natuurlik ontwikkel het nie. Dit is op 'n baie doeltreffende manier geskep."

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met relevante bewyse. **[50]**

VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940's TOT 1960's

Verduidelik tot watter mate Swart Suid-Afrikaners in die 1950's teen hul diskriminasie en onderdrukking in opstand gekom het.

Motiveer jou antwoord deur na die verskillende vorme van weerstand in die 1950's te verwys. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou